*Together we stand, better nation we build*
*Saamstaan ons, beter nasie bou ons*

LONGACRES
GIVE, GROEI, PERSISTO

# Blitz Nuus

**28 September 2023** **Nuusbrief 33**




## Blitz Pen

**LEERDERS SAL TOEGELAAT WORD OM SOMERSDRAG VANAF KWARTAAL 4 TE DRA.**

Ons hoop van harte dat die matrikulante gisteraand hulle matriekafskeid geniet het. DIt was 'n wonderlike geleentheid en almal het pragtig en spoggerig gelyk! Dankie vir een en elkeen wat die aand onvergeetlik gemaak het!

Ons wil graag ons dank uitspreek aan almal wat aan die LAPS Golfdag deelgeneem het. Ons glo die dag was 'n geweldige sukses.

Vrydag sluit die skool om **10:00 VM**, en die leerders mag civvies dra. Die skool sal weer die **10de Oktober begin** en ons sal Dag 2 op die skoolrooster volg.

**SPORT:**

- **Hoërskool** krieket en die Grondslagfase Mini krieket sal die 11de Oktober begin.
- **Laerskool** krieket sal die 12de Oktober begin.
- **Atletiek** sal die volgende week vanaf die 16de begin.

## Stapkamp

Stapkamp!

20 – 22 Oktober 2023

Montagu

Briewe beskikbaar @ Juffrou Marietha



## Matific!


Wel gedaan aan al die leerders wat aan die Matific Olympiad 11 – 15de September 2023 deelgeneem het.

Ons is trots om aan te kondig dat met net 80% van ons leerders wat van graad 1-7 deelgeneem het, ons die 57ste plek behaal het van oor 'n honderd skole wat regoor Suid-Afrika deelgeneem het.

Ons het die volgende sertifikate van graad 1-7:

| **Sertifikaat vlak:** | **Gemiddeld:** | **Getal sertifikate:** |
|---|---|---|
| Robyn | 100% | 16 |
| Platinum | 75% - 99.99% | 6 |
| Goud | 50% - 74.99% | 9 |
| Silwer | 25% - 49.99% | 9 |
| Brons | <25.0% | 47 |

Volgende jaar probeer ons weer!!!



# Kultuuraand

Kaartjies is by die kantoor beskikbaar!

Moenie die wonderlike aand misloop nie!




# Klerebank

Die klerebank sal tydelik gesluit wees, omdat ons na 'n nuwe verskaffer verskuif en ons vir nuwe klerevoorraad wag. Ons skool het in 2015 tot stand gekom en ons glo dit is tyd vir 'n nuwe aanslag vir ons skooluniform. Hierdie veranderinge sal geleidelik oor die volgende vyf jaar bekend gestel word, met die nuwe verskaffer wat ons klerereeks gaan opgradeer. Ons doel is om 'n unieke klerereeks wat ons skool se identiteit reflekteer te skep en ons hoop julle sal die veranderinge waardeer.



Om die kwessies rondom die skooluniform aan te spreek, sal ons visuele riglyne wat die skoolklere se regulasies uitlig met julle deel. Hierdie beelde sal as nuusflitse versprei word om te verseker dat beide ouers en leerders 'n goeie begrip het van wat toegelaat sal word in terme van die skooluniform.

# OOV KLEREDRAG




Julle het gevra en ons het gelewer!

Bestel asseblief jou LAPS ondersteunersdrag by die OOV via WhatsApp

10:00 - 12:00
Maandag tot Vrydag

Lo-May: 0823387321

Anene: 0846283257

**Watch this space…**

# LESERS IS LEIERS




**<u>Sukkel u kind met:</u>**

- Leesspoed
- Leesbegrip
- Spelling, Taal en woordeskat

**Afrikaans Huistaal Taal** of **English First Additional Language?** Hierdie leesprogram sal hom/haar help om 'n verbetering te toon op hul individuele leesvlak.

**Net 'n paar spasies oop.**

**Kontak vir Juffrou Jaqueline 084 207 3354**

# OUER-ONDERWYSERSDAG

OUER-ONDERWYSERSDAG

Op hierdie dag ontvang die ouers hulle kinders se rapporte en het dan die geleentheid om met die onderskeie onderwysers te gesels.




**Laerskool: 10 Oktober vanaf 14:15-17:00**

**Hoërskool: 12 Oktober vanaf 14:15-17:00.**

# SKOOLKWARTALE 2023

| Kwartaal | Duur van kwartaal | Aantal weke | Aantal publieke vakansiedae |
|---|---|---|---|
| 1 | (09) 11 Jan - 24 Mrt | 11 | 1+1 |
| 2 | (12)13 Apr – 23 Jun | 11 | 3+1 |
| 3 | (17)18 Jul – 29 Sept | 11 | 2 |
| 4 | 10 Okt – 13 (15) Des | 10 | 0 |

# SKOOLKWARTALE 2024

| Kwartaal | Duur van kwartaal | Aantal weke |
|---|---|---|
| 1 | (8) 10 Jan – 14 Mrt | 10 |
| 2 | 3 Apr – 14 Jun | 11 |
| 3 | 9 Jul – 20 Sept | 11 |
| 4 | 1 Okt – 11 (13) Des | 11 |

## LAPS GOLFDAG

**Elke speler sal 'n geskenkpak ter waarde van R600 ontvang wanneer hulle registreer!**




## 3 MAANDE KENNIS

Alle ouers moet 3 maande skriftelik kennis gee as die kinders die skool gaan verlaat. Ek het 'n oopdeur beleid en vra vriendelik dat ouers eers met my 'n vergadering reël, voordat u formeel kennis gee.

**Vriendelike groete,**

**Mnr Edmund Barkhuysen**

**Skoolhoof**

**hoof@longacresps.co.za**

## CCTV KENNISGEWING

Longacres is onder 24h CCTV bewaking vir die veiligheid van die leerders en opvoeders. Hierdie toesig word gedoen in ooreenstemming met toepaslike Nasionale Wetgewing en vereistes om die privaatheid en integriteit van leerders, werknemers en algemene publiek, wat die Longacres perseel binnekom, te verseker.



## HUISWERKSENTRUM

### 2023 LONGACRES NASKOOL

| | | |
|---|---|---|
| Graad 1 | Ellisia Steyn<br>Marizka Liebenberg | 076 170 9705<br>074 072 2231 |
| Graad 2 | Sarita Rossler | 082 923 7188 |
| Graad 3 | Erika Theunissen | 072 010 2655 |
| Graad 4 | Erika Theunissen | 072 010 2655 |
| Graad 5 – 7 | Sorika Loubser | 082 312 7005 |
| Graad 8 - 12 | Ellisia Steyn | 076 170 9705 |

**Ouers moet kinders by die huiswerksentrumklas kom haal. Geen kind word vorentoe gestuur nie.**

Die grondslagfase sal aan die linkerkant van die rugbyveld speel en die Seniorfase sal aan die regterkant van die rugbyveld speel. Alle leerders moet asseblief 'n potlood, liniaal en uitveër saambring. Stuur asseblief ook enige ekstra-kurrukulêre aktiwiteite na die huiswerksentrum.

## LAPS INLIGTINGSHOEKIE






# Gaan loer gerus op ons skool se Facebook Blad!

https://www.facebook.com/longacresprivateschool